# God Skaam Hom nie

## *Oordenking van Hebreërs 11:16*

*"Maar nou verlang hulle na 'n beter vaderland, dit is 'n hemelse.*
*Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie,*
*want Hy het vir hulle 'n stad berei".*

Hebreërs 11:16

Ek wil graag hê dat God vir my moet sê wat hy aan Abraham, Isak en Jakob gesê het, "Ek is nie skaam om jou God genoem te word nie." So riskant as wat dit klink, beteken dit nie in der waarheid dat God eintlik "trots" daarop sou wees om my God genoem te word nie? Miskien sou Hy sê, "Nie alleen is ek *nie skaam* om jou God genoem te word nie, Ek is *trots* daarop om jou God genoem te word." "Nie skaam nie" mag moontlik slegs beteken "Ek is *tevrede* om jou God genoem te word." Maar dit kom voor asof "nie skaam nie" in werklikheid 'n onderbeklemtoning van "trots" is.

Daarom sou ek graag wou weet wat God sal trots maak om my God genoem te word. Gelukkig is hierdie wonderlike moontlikheid omring (in Hebreërs 11:16) van redes, een vóór en een daarna.

Neem laasgenoemde eerste: "God is nie skaam om hulle God genoem te word nie, trouens Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak". Die eerste rede wat Hy gee waarom Hy nie skaam is om hulle God genoem te word nie, is omdat *Hy iets vir hulle gedoen het.* Hy het vir hulle 'n stad gemaak – die hemelse stad "waarvan God self die ontwerper en bouer is (vers 10). Dus die eerste rede waarom Hy nie skaam is om hulle God genoem te word nie, is dat *Hy vir hulle gewerk het*. Dit is nie andersom nie. Hy het *nie* gesê *nie*:

> *"Ek is nie skaam om hulle God genoem te word nie, omdat hulle vir my 'n stad gemaak het."*

Hy het iets vir hulle gemaak. Dit is die beginpunt. Die trots van God om ons God te wees, is gewortel eerstens in iets wat Hy vir ons gedoen het, nie die omgekeerde nie.

Oorweeg nou die rede wat Hy aan die begin gegee het. Dit lui: "Hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. *Daarom* is God nie skaam om hulle God genoem te word nie". "Daarom" dui aan dat 'n rede sopas gegee is waarom Hy nie skaam is nie. Die rede is *hulle begeerte*. Hulle begeer 'n beter stad – dit wil sê 'n beter stad as die aardse stad waarin hulle woon, naamlik 'n hemelse stad. Dit is dieselfde as om te sê hulle begeer die hemel, of hulle begeer die stad wat God vir hulle gemaak het.

Daar is dus twee dinge wat maak dat God nie skaam is om ons God genoem te word nie: Hy het iets groots vir ons voorberei, en ons begeer dit bo alles wat op aarde is. Waarom is Hy trots om die God van mense te wees wat Sy stad begeer bó alles van die wêreld? Omdat hulle begeertes die aandag vestig op die superieure waarde wat God aanbied bo dit wat die wêreld aanbied.

Met ander woorde, die rede waarom God trots is om ons God te wees is *nie* omdat ons iets groots bereik het nie. Maar Hy het iets groots bereik en ons *begeer* dit. Daar is niks om oor te spog as mens begeer nie. Dit is soos om honger te word as jy smaaklike kos sien. Dit is hoe die stad van God is.

Wat 'n stad is dit nie! – Geen besoedeling, geen graffiti, geen rommel, geen afskilferende verf of verrottende garages, geen dooie gras of gebreekte bottels, geen skeltaal op straat, geen tromp-op konfrontasies, geen huishoudelike twis of geweld, geen gevare snags, geen brandstigting of leuens of diefstal of moord, geen vandalisme en geen haatlikheid nie. Die stad van God sal perfek wees, omdat God daarin sal wees. Hy sal in die stad loop en daarin praat en homself manifesteer

in elke deel daarvan. Alles wat goed en mooi en heilig en vreedsaam en waar en gelukkig is, sal daar wees, want God sal daar wees. Volkome geregtigheid sal daar wees en duisendvoudige vergoeding vir alle pyn wat gely is deur gehoorsaamheid aan Christus. En dit sal nooit agteruit gaan nie. Om die waarheid te sê, dit sal helderder en helderder skyn soos wat die ewigheid uitstrek in oneindige tye van toenemende vreugde.

As ons hierdie stad meer begeer as wat die hele wêreld kan gee, is God nie skaam om ons God genoem te word nie. As ons dit wat Hy beloof om vir ons te wees, ernstig opneem, dan is Hy trots om ons God te wees. Dit is goeie nuus. God wil *Sy werk vir ons* verheerlik, nie ons werk vir hom nie. Werklik, dit laat 'n mens klein voel. Maar as jy genade verkies bo meriete, is dit goeie nuus.

Maak dus jou oë oop vir die vaderland wat beter is en die stad van God, en begeer dit met jou hele hart. God sal nie skaam wees om jou God genoem te word nie.

Met my oë gerig op die prys.

John Piper

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Dries du Plessis vertaal.*